




**Brief no. 3**

Hierdie is ons laaste brief wat ons gaan uitstuur. Die volgende briewe gaan julle kry soos julle ry van punt A na B ens. Die roete is maklik om te ry aangesien dit wel bekend is vir ons as Kapenaars. Onthou julle Skimkamp het alreeds begin toe julle laat weet het julle kom saam kamp.

Net gou weer bietjie alles vasvat......maak seker jy het brief een en twee gekry.

**Naweek program** sal daar bekend gemaak word op eie tyd......amper soos 'n "Lucky packet".

**Saterdag aand** se braai: bring jou eie vleisie en drinkgoed ons sal sorg vir die res.

**Vertrek punt:** Ons het al die antwoorde baie geniet en **Skurwekop** is dit nie, ook nie **Sonderwater, De Hollandsche Molen, ens...................**die eerste stop gaan baie weggee maar raai nog 'n bietjie. Ons het so gedink dat ons die R30 x 2 vir julle wil spaar so geen tolgeld. Nou weet julle waar kom die R30 in. Kry julle eerste brief op die N2 by Engen One Stop. Dit is nou die een voor dat julle by die strand uitkom. Gaan by die hoof ingang van die winkel / eetplek in en vra vir die Skimkamp roete brief wat in 'n boks duidelik gemerk "Skimkamp" gaan wees.
Ry versigtig en wees goed vir die mense om julle veral met die wat vir ons die briewe daar laat uitgee. Ons kan hulle ondersteun deur 'n koeldrankie of iets vir die pad te koop, so hou ons die deur oop vir 'n volgende keer.
Mag die kamp vir klein en groot een groot fees wees wat ons nog lank sal onthou.

Indien daar nog is wat kom saam kamp laat my weet en ons maak seker julle het ook 'n plekkie.

Al wat vir my, ons oorbly is om vir julle 'n baie veilige reis toe te wens.



Indien daar enige probleem is kontak ons gerus.

Petrus: 083 625 5418
Paul: 074 484 2111

